# Die WAPAD

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur**—C. Hattingh.
**Besigheidsbestuurder**—C. J van Wyk.
**Medewerkers**—
C. M. Janse v. Vuuren.
F. A. Scheepers.

Alle bydraes moet vroegtydig by een van die redaksielede ingehandig word.

**Subredakteure**—
J. v.d Walt.
H. J. A. du Plessis.
E. L. Grové.
Mej. C. M. Wasserman.

**DEEL I, Nr. I.** **12 APRIL, 1946.** **PRYs 2d.**


BIBLIOTEEK

## DOELSTELLING.

Dit is vir die redaksie aangenaam om die reeds lank verwagte blad in die hande van ons studente te stel. Ook die wat die universiteit reeds verlaat het sal hierin die verwesenliking van hul ideaal vind. Ons bou maar net voort op die deur hulle gelegde fondament, in dankbare herinnering aan alle voorarbeid. Die naam—'n vonds uit die voorarbeid van jare—dui aan dat ons getrou wil bly aan die verlede sonder om oploop te gaan met nuwighede wat die Christelik-Nasionale karakter van ons inrigting vreemd is. Maar die naam wys nie alleen die spore van die verlede aan nie, maar dit wys ook na die weg voorwaarts. En op hierdie voorwaartse weg het „Die Wapad" sy spesifieke betekenis en sy beginsel bepaalde doel. Dit is nie maar sonder meer, na analogie van buite en slegs as aankondigingsmedium van hierdie of daardie saak, dat die blad sy verskyning maak nie. Dan sou dit geen sin hê en daarom gaan plek in die studentelewe nie. Maar die doel van die blad is om te dien, om koers aan te wys, om die studente die ware siening van sake te leer, sodat hulle met smaak en onderskeiding gebeure kan

(Vervolg volgende kolom).

# WELKOM!

## VAN DIE REKTOR,

## DIE WAPAD.

'n Hartelike welkom word „Die Wapad" toegeroep, wat nou in die plek van „die Besembos" sal verskyn!

Vir vele jare het „Die Besembos" wat elke kwartaal as die orgaan van die studente aan die P.U.K. vir C.H.O. verskyn het, 'n getroue weergawe gegee van wat in die studentelewe aangaan. Tereg is nou deur die studente besef dat met die groot uitbreiding van die aantal studente, dit op verre na nie voldoende is nie om net eenmaal in die kwartaal aan die ryk studentelewe in al sy vertakkinge die geleentheid te gee om uit te sê wat in die veelsydige en kleurryke lewe plaasvind. Hierom het die studente die moedige besluit geneem om nou hulle blad onder bogenoemde naam tweeweekliks te laat verskyn, terwyl „Die Besembos" met sy groot tradisie behoue bly en 'n ereplek gegee word. „Die Besembos" van die studente was sy naam getrou. Daar was baie moeilike en swaar jare, maar **„doodkry is min."** So sal in die toekoms „Die Besembos" as jaarblad die tradisie voortsit en die skakel bly met die verlede wat altyd inspirerend sal inwerk.

Vir die nuwe orgaan is 'n pakkende naam gekies. Sodra die naam „Wapad" gehoor word, dink elkeen aan **'n vaste koers en rigting**... 'n Wapad is tog nie maar 'n slingerpaadjie, of 'n voetpaadjie of 'n uitdraaipaadjie, maar dit is 'n **pad** wat **koers** hou en op 'n vaste doel afgaan. Op die P.U.K.-wapad wil die aktiewe studentelewe hom voortbeweeg en daarom sal die orgaan „Die Wapad" koers en rigting aandui. Dit is beslis noodsaaklik wanneer daarna gestreef word om die studentelewe 'n hegte eenheid te maak. Eenheid word en kan egter nie verkry word sonder 'n gesonde uitwisseling van gedagtes en beskouinge nie. Met opset word die woord „gesond" gebruik want om in 'n studenteblad uiting te gee aan bv. persoonlike griewe is nie paslik nie, ook baie ongewens. Verskil van mening kan en sal daar wees, ook wat beginsels betref. Hiervoor is daar dan geleentheid om gesond en helder te redeneer en mekaar te probeer oortuig. In ons tyd is dit baie noodsaaklik: in die groot wêreld, sowel politiek as kerklik is daar ongekende stryd en verwarring. Niemand kan dus verwag dat die studentelewe rustig, kalm en vredig sal wees nie, maar wat wel kan en moet verwag word van studente is dat hulle reeds in hul studiejare sal leer die kuns om **nie te weet nie (ars nesciendi)** d.w.s. die kuns om te erken dat ek nie alleen weet nie, maar ook die mede-student. Wie hom dus van die aanvang op hierdie standpunt stel, sal in sy optrede ook in die orgaan besadig en beheers wees en kan gesond geredeneer word. So word padlangs gehou en die gesonde uitruiling van gedagtes sal baie help om 'n gesonde atmosfeer en 'n hegte eenheid te skep.

By hierdie uitwisseling van beskouinge sal altyd die leuse van die P.U.K. „In U Lig" in gedagte gehou moet word. Dit moet die rigsnoer

plaas en volg. Die betekenis van die blad sal eers dan na vore tree as dit die studente tot belangstelling prikkel, en die vermoë leer om die heuning en nie die gif uit die blom te haal nie. Om ons egter ook verby die onmiddellik-nabye te laat blik, sal prof. L. J. du Plessis 'n reeks artikels skrywe oor die buitelandse politieke toestande, asook die in ons eie land. Vir hierdie bereidwilligheid bly ons die geagte professor dankbaar.

Lank lewe „Die Wapad."


DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL

DIE STUDENTE-BOEKHANDEL

*BIED U AAN:*

**LEERBOEK VIR PLANTKUNDE, deur A. P. Goossens en P. J. Botha, 24/-**

**OPVOEDKUNDIGE TEORIE en PRAKTYK deur DIE EEUE, deur Prof. Dr. J. Chris Coetzee, 8/-**

**THE ECONOMIC HISTORY OF ENGLAND, by E. Lipson, 31/6.**

**ELEMENTS OF GEOGRAPHY, PHYSICAL AND CULTURAL, deur Finch and Trewaratha, 30/-.**

**GEOMORPHOLOGY, an introduction to the study of landscapes, by A. K. Lobeck, 34/-.**

**SOCIETY, a Textbook of Sociology, by R. M. MacIver, 23/-**

**PLANT AND ANIMAL GEOGRAPHY, by M. I. Newbigin, 18/-.**

**AN INTRODUCTION TO THE STUDY OF FOSSILS, Plants and Animals, by H. W. Shimer, 27/6.**

**GUIDE TO THE PHILOSOPHY OF MORALS AND POLITICS, by C. E. M. Joad, 11/9.**

BESTEL u Studieboeke en Skryfbehoefte van die Boek-Handel wat u die beste diens kan lewer.

**DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL,**
KERKSTRAAT 90, POTCHEFSTROOM. FOON 497.

gesit het teen verdere uitbuiting deur die Weste, sien op na Russies-Bolsjewistiese leiding in die verset en laasgenoemde benut elke versetsbeweging teen die Weste, sowel in die Ooste as—en dit is veel erger—in die Weste self om sy eie mag uit te brei. Dit is die betekenis van o.a. die Iran-geskil in die buitewêreld en van die Indiërkwessie in die binneland.

En teen hierdie gevaar is daar vir die Weste maar net een redmiddel, nl. die vervanging van sy eksploïtasiestelsel deur 'n stelsel van koöperasie, waardeur die voedingsbodem van die Bolsjewistiese splytswam verwyder sal word. Koöperasie is nodig tussen kapitaal en arbeid, tussen kapitaal en bodem, tussen blank en gekleurd. Eersgenoemde onderstel afskaffing van die kapitalisme, die tweede beëindiging van bodemuitputting en laasgenoemde die voogdy-reëling van algehele segregasie—en aldrie vereis algehele afskaffing van die party-stelsel in die politiek, om die vereiste eensgesindheid en daadkrag te verseker.

Dis egter nie te verwagte dat die Weste onmiddellik hiertoe sal oorgaan nie. Eers sal nog 'n laaste poging gedoen word om die eksploïtasie-stelsel self ten volle uit te buit. Dit blyk uit baie dinge behalwe wat reeds genoem is, bv. die uitmergeling van Duitsland, die ekonomiese oorlog tussen die Westerse grootmoondhede, die weer oplaaiende aandele-spekulasie, die hantering van arbeidsonluste, die verset teen segregasie, die voortgesette party-stryd wat die volke as sodanig magteloos maak teen die draadtrekkende plutokrate.

Maar die reaksie sal kom, en dan is daar nog hoop vir selfherstel van die Weste op grond van die daarin oorgeblewe naglans van die Christelike beskawing, van sy nog oorgeblewe blanke rasse-suiwerheid en van sy gehandhaafde kulturele en tegniese voorsprong. Ons plig is dit om intussen op hierdie grondslae alle krag voort te bou en daarop alle beskikbare en geskikte kragte saam te sluit met prysgawe van die party-stryd en die nasionale verdeeldheid tussen die volke van die Weste en ook tussen Afrikaans-sprekende en Engels-sprekende Afrikaners.

As ons in hierdie lig die wêreldgebeure van die oomblik in oënskou neem, dan is dit opvallend hoe die verdere ontwikkeling van sake inderdaad oral draai om die vraag of eksploïtasie vervang sal word deur organiese koöperasie, d.w.s. saamwerking volgens die bestemming en verskillende saamwerkende elemente, en hoe daar teenoor die moontlike mislukking van hierdie hervorming die donker dreigende agtergrond oprys van meganiese gelykmaking van onderdrukker en onderdrukte volgens die resep van die Russiese Bolsjewisme. Ook is dit opmerklik dat veral die lot van die gekleurdes en die Asiate in die algemeen hierby op die spel is, en hoe die sleutelpunt van die dreigende wêreldbotsing blykbaar al meer verskuif na die Nabye Ooste en na Palestina, en hoe die Jode hierby 'n sleutelposisie inneem as internasionale nasie by uitstek, as hoofleiers en hoofslagoffers van die proses van eksploïtasie sowel as van meganiese gelykmaking, en hoe die aarde self in opstand kom teen die mensdom deur droogtes, hongersnode, siektes, aardbewinge—almal uit die onvervulde profesieë oorbekende wegwysers na die toekoms van Christus, anderkant die groot botsing tussen Christendom en Heidendom.

Net om te illustreer hoe duidelik die skeidslyn reeds oor die aarde geteken lê, noem ek die hoofpunte van vanoggend (2 April 1946) se nuus: daar was verdere botsinge tussen Oos en Wes in Albanië, Griekeland, Iran, Indië, en daarby kan ons gerus maar voeg Palestina, Egipte en Suid-Afrika. Want ons in Suid-Afrika beklee in hierdie skeiding 'n voorpósposisie vir die Weste as enigste blanke gemeenskap in die eigelike donker Afrika en as wagter aan die Weskus van die Indiese Oseaan.

Na mate hierdie besef deurdring, moet die bitterheid van die onderlinge botsinge tussen ons blankes in Suid-Afrika wegval en moet ons gesaamlik daartoe kom om die saak van die gekleurde in Suid-Afrika en in beginsel in die hele Afrika definitief

(Vervolg volgende kolom).

gereël te kry op die grondslag van segregasie onder voogdy met onderlinge saamwerking—voordat dit finaal te laat geword het.

L. J DU PLESSIS.

## ATLETIEK.

Dit is eienaardig dat aan ons Inrigting, waar soveel talent skuil, so 'n lakse gees onder die atlete bestaan. Nietemin is daar darem 'n paar atlete wat hul plig teenoor hul inrigting besef, en afgesien van die moeilike omstandighede tog weer besonder goed presteer het.

Dit sal miskien wyslik wees as die bestuur van volgende jaar nie net atlete nie maar ook toeskouers by die interne kampioenskappe toelaat. Nietemin het die program vlot verloop en die prestasie was oor die algemeen van 'n goeie gehalte.

Basie van Wyk, Theron, Attie v.d. Walt en Human word veral geluk gewens. Ook vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wens ons eersgenoemde twee atlete sterkte toe.

Die seisoen is egter nog nie afgeloop nie, en vir ons die belangrikste gyeenkoms nl. die S.A.B. lê nog voor, vroeg in die tweede kwartaal. Met die oog hierop word die atlete aangemoedig om die aangename vermaaklikhede op sy te skuif en „winde" in te samel.


# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE VIR C.H.O.

P.U.K.
IN U LIG

OPLEIDING WORD VERSKAF VIR DIE VOLGENDE KURSUSSE:

**LETTERE:** B.A. (groot verskeidenheid kursusse), B.A.-Regswetenskap, B.A.-Sosiale Wetenskap, M.A., D.Litt. en D.Phil.

**NATUURWETENSKAP:** B.Sc., B.Sc.-Huishoudkunde en B.Sc.-Higiëne, M.Sc., Ph.D. en D.Sc.

**OPVOEDKUNDE:** U.O.D., M.Ed. en D.Phil.

**TEOLOGIE:** B.D., M.Div., en D.D.

**HANDEL:** B.Comm., B.Econ., M.Comm. en M.Econ.
Preliminêre en kwalifiserende Aptekerseksamen.

Eerstejaarskursusse vir grade in Landbou, Medisyne, Tandheelkunde, Ingenieurswese en Veeartsenykunde.

'n Kursus in Liggaamlike Opvoeding as hoofvak vir B.Sc. is ingestel.

Besonderhede i.v.m. Beurse, Gelde betaalbaar, Losies, Kursusse ens. sal op aanvraag verstrek word deur

**DIE REGISTRATEUR,**
**P.U.K VIR C.H.O.,**
POTCHEFSTROOM.

## MANS-HOKKIEKLUB.

Hierdie jongste sportklub van ons studente lewe koester baie hoë verwagtinge vir die komende seisoen.

Die Toetsjaar, 1945, is met goeie gevolg agter die rug, want daar is bewys gelewer dat die klub wel reg van bestaan in ons gemeenskap het.

Dit sou ons egter nie baat om die prestasies van die verlede, dink bv. maar net aan ons oorwinning oor U.K O.V.S., te roem nie, maar ons moet hoër momente hierdie seisoen bereik.

Die Bestuur is hard besig om die Klub by die plaaslike liga erken te kry, sodat ons vanjaar aan die kompetisie sal kan deelneem en nie net afhanklik is van vriendskaplike wedstryde nie. Die ledetal het so aangegroei dat ons in staat is om twee spanne in die veld te stoot—maar nog meer belangstelling sal welkom wees.

Waar ons verlede seisoen nog mank gegaan het, deur die gebrek aan die nodige uitrusting, hoop ons. deurdat ons oor die nodige finansies beskik, dat dit vanjaar heelwat beter sal gaan.

'n Beroep word gedoen dat die studente gedurende die komende seisoen ons spanne gedurende wedstryde moet ondersteun, en van ons kant sal ons die beste lewer, om die Naam van ons Alma Mater hoog te hou.

G. H. J. KRUGER,
Kaptein.

## KRIEKET.

Die krieket het in die afgelope seisoen presteer soos nooit tevore nie, veral onder die leiding van prof. Davies. Ons dink veral aan die prestasies teen Heidelberg, toe ons daarin geslaag het om al hulle paaltjies te laat spat vir 17 lopies. Alhoewel ons die afgelope seisoen weens sekere moeilikhede nie kon deelneem in die W.T K. liga nie, het ons besluit om vir die volgende seisoen twee spanne in te skryf.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

**O.K. BAZAAR**
(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ——— ens.

**O.K. BAZAAR**
POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

## TENNISKLUB, P.U.K.

Aangesien die somersport nog tot op datum in aanvang was kon die Tennisklub nog nie 'n aktiewe begin maak nie. Daar is egter goeie vooruitsigte in die jaar wat voorlê.

Die Klub hoop om hierdie jaar deel te neem aan die W. Transvaal Tennis Liga sou so'n Liga weer in die lewe geroep word.

Waar toestande weer sy normale gang gaan, en meer uitrusting tot ons beskikking is, hoop ons om weer die ou „leerstelsel" in die lewe te roep.

Onder die nuwelinge aan die P.U.K. is 'n hele aantal spelers wat die Tennis geledere aan die P.U.K. aansienlik versterk. Ons noem maar net Jef. de Klerk wat 'n groot aanwins in ons Dames-span is. As gevolg van die aantal goeie spelers sal ons vanjaar self twee spanne op die bane kan stoot

Ook sal gepoog word om wedstryde te reel teen omliggende dorpe en hier sal die P.U.K. Tennisspan sy man ook volstaan.

Ons sien uit na die Intervarsity teen U.K.O.V.S. aangesien ons vanjaar 'n suiwere studentespan sal afneem om ons kragte te meet teen spanne, waarin soms eksterne studente asook staflede van die betrokke Universiteite speel.

(Voors.).

## A.N.S.

Die dames en here wat nog nie by die A.N.S. aangesluit het nie, en wat wens om dit nog te doen, moet asb. sorg dat dit so gou moontlik geskied. Vorms verkrygbaar by B. Spoelstra, Noordbrugweg 17, en P. v d. Merwe, Spelonk 1.

Daar sal weer 'n Arbeidsdienskamp wees! En weer op Schoemanshof, want oom Martin en tant Nellie Schoeman was so vriendelik om ons weer toestemming te verleen om na hulle toe te gaan. Langs hierdie weg ook ons hartlike dank aan hierdie twee ou staatmakers.

Nou moet die A.N.S.-lede sorg dat ons 'n flink klomp daar gaan wees. Teken dus dadelik u name op die kamplys op die kennisgewingbord voor die Hoofgebou.

Ons gaan van 18—24 April kampeer.
Kampfooi: 10/- (tien sjielings).

## JUKSKEI.

Op die skeigebied is P.U.K. nog deur geen span geklop nie—inter-universitêr sowel as plaaslik. Dit is voorwaar 'n prestasie wat ons hierdie jaar gehandhaaf wil sien. Ons wens ons eerste span sterkte toe in die uniale kompetisie gedurende 3—6 April te Johannesburg, vir die Kopersbond-trofee.

Op die Uniale Jukskei-toernooi het die P.U.K jukskei-span presteer soos geen provinsiale span nog tot dusver presteer het nie. Uit die totale puntetelling van 90 het hulle 86 ingesamel terwyl Suid Transvaal die tweede op die lys was met 65. Dit is voorwaar 'n rekord vir provinsiale mans A-span kompetisie. Hierby kom nog dat die twee Struwig broers gekies is as twee van die vyf Springbokke van 1946.

## VOETBAL 1946!

Terwille van een ou eiertjie, al hierdie moleste! Tweemaal in die week ses-uur opstaan as die dou, en netnou die ryp, op die veld lê, en daar mens winduit en kosuit hardloop en woel—dit alles om 'n enkele eiertjie!—Hoekom nie elkeen een aanskaf en doodluiters met hom doodstil en tevrede sit of staan nie. Mens kon die ou volstruisboer nie kwalik neem nie, maar dis hier nie Karoo-wêreld nie en, die eiers is skaars en dan maak mens maar so terwille van die vitamines en protienes en ander -ines (of is dit Ina's?)

Die voetbalseisoen het op die 6de April begin toe P.U.K. teen Blyvoor vir die Neser en die Blaine in een wedstryd gespeel het. Dit was sommer 'n groot gebeurtenis, en die oorwinning was ewe groot: 29—3. Daar is nog staatmakers in ons spanne: die ringkop Basie, wat vanjaar voorloop as die Eerstes die veld opstap. Hulle sê hy en 'n Boesman was saam op 'n gekweste Gemsbok se spoor in die Kalahari, en toe die Gemsbok se niere al gaar was op die kole het die Boesman eers bygekom. En Jan Henning —die bal kan maar nat wees, in sy hande is hy droog—kurkdroog

Maar die manne kan groot en swaar wees maar as die wind en die veerkragtigheid wat gereëlde oefening bring, ontbreek is die gewig en groot-te, 'n gewigtige oorlas. Oefening word van elke speler gevra—baie ernstig gevra en nie net die paar middae of môres op die veld nie, maar as die manne 'n los tydjie het in die middae, en so 'n tydjie is daar altyd. Om in 'n toestand van goeie afrigting te kom is grotendeels 'n saak van elke speler se eie gewete. Die breier kan handigheid en nog 'n paar klein dingetjies bring, maar die perfekte afrigting is in die hande van die spelers self.

Hierdie woorde geld ook vir die juniors: Hulle is die eerste- en tweedespan spelers van die volgende jare en om mens se spel te ontwikkel is getroue oefening nodig. Ook hier is dit aanhouer wat wen en bo-uitkom.

Onthou kêrels, om in 'n puik staat van oefening en afrigting te wees, is om jou plig te doen teenoor die P.U.K.

Nuwe spelers van ander klubs is welkom.

Ons waardeer dit dat hulle hulle gewig met soveel erns by ons ingooi. As hulle eers 'n jaar saam met die Pukke gespeel het—sal hulle die Theos nooit weer vergeet nie.

Ten slotte: Saterdag speel P.U.K teen Garnisoen. Saterdag is ook gradedag. Wys vir die ou Pukke hoe die jong Pukke voetbal speel. Lewer weer dieselfde spel as teen Blyvoor—en of julle dan wen of verloor, ons sal tevrede wees.

Sukses en sterkte.

G. B. S. PASCH
(Afrigter).

Vandag is gister se leerling.—Franklin.

Moet nooit jou illusies prysgee nie. As hulle eers verdwyn het, kan jy nog bestaan, maar dan moet jy ophou om te leef.—Mark Twain.

## PIKNIEK.

„Watter proffie is so laf om op so 'n tyd 'n klas te gee?" was die vraag van iedereen voor die Hoofgebou om 5.30 vm., Saterdag die 30ste Maart.

In stof-lange prosessie is die stoet na die rivier te Vaal. Toe die lorries staan toe word net gesien hoe pêrrevelle waai en die rantjies was letterlik bepêrd en swyend het iedere twee aangegaan.

In gemene tyd het daar intussen vure geknetter en eerlank is koffie en wors geniet en het weergalm deur die klowe:

Word jou magie al seer
Eet meer en meer
Want die dokter beweer
Dit sal alles verteer.

Die Kontroleur van voedsel was verteenwoordig en weens die veelheid van studente en die vrystelling van petrol kon alle studente en studentinne nie hulle vreetsame tydjie so vreetsaam deurbring nie.

Mettertyd is gespeel maar weens verstikking in die stof is besluit tot meer stemmiger dinge 'n saak waaraan soms nie meer as twee deel kon neem nie.

'n Oorsig oor 'n Pikniek is nie nodig nie want 'n piekniek is 'n piekniek, en daar is darem ook pieknieks en pieknieks

Toe Twakkies pêrdevel gery het en tussen die wolke beland het, het hy die tyding gebring dat dit kom reën en toe die reën val toe was die lorries reeds aan 't ry en die piekniek was gewees!

'n Taal is daar sodat ons aangename dinge aan ander kan sê —Boner.

Daar is twee dinge waaroor ons ons nooit moet bekommer nie, die dinge wat gehelp kan word en dié wat nie gehelp kan word nie.—Ibid.

Daar is nie genoeg duisternis in die hele wêreld om een liggie uit te doof nie.

KOM NA
**POTCHEFSTROOM HANDELAARS**
(Eiendoms) Beperk

SIT DIE £ OM IN WAARDE

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

DIREKTE——INVOERDERS

Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

Landbou-implemente Foon 626.
POTCHEFSTROOM MOTORHAWE
Foon 41. Laat ure. Foon 301.

**BLACK EN KIE..**
BEPERK.
KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.

SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

Posbus 197. Foon 179.
KERKSTRAAT 61,
POTCHEFSTROOM.

**W. J. GROBBELAAR**
DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.